# Paasfees: Oordeel, Genade, Verlossing, & Geloof

shofar
christian church

**(Exo 12:1-3)** [1]EN die Here het met Moses
en Aäron in Egipteland gespreek en gesê:
[2]Hierdie maand moet vir julle die begin van
die maande wees; dit moet vir julle die
eerste van die maande van die jaar
wees.[3]Spreek tot die hele vergadering van
Israel en sê: Op die tiende van hierdie
maand moet hulle elkeen ’n lam neem
volgens die families,

**(Exo 12:4-5)** ’n lam vir ’n huisgesin. [4]Maar
as ’n huisgesin te klein is vir ’n lam, dan
moet hy en sy buurman wat die naaste aan
sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na
wat elkeen gewoond is om te eet, moet
julle die getal op die lam bereken. [5]Julle
moet ’n lam hê sonder gebrek, ’n jaaroud
rammetjie. Van die skape of van die bokke
kan julle dit neem.

**(Exo 12:6-7)** [6]En julle moet dit in bewaring
hou tot die veertiende dag van hierdie
maand; en die hele vergadering van die
gemeente van Israel moet dit slag teen die
aand.[7]En hulle moet van die bloed neem
en dit stryk aan die twee deurposte en aan
die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle
dit eet.

shofar christian church

**(Exo 12:8-9)** 8En hulle moet die vleis in
dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai;
saam met ongesuurde brode moet hulle dit
met bitter kruie eet. 9Julle moet daarvan nie
eet as dit rou is en as dit in water gaar
gekook is nie, maar oor die vuur gebraai,
die kop en pootjies saam met die
binnegoed.

**(Exo 12:10-11)** 10 Julle mag daar ook niks
van laat oorbly tot die môre toe nie; maar
wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle
met vuur verbrand. 11 En só moet julle dit
eet: Julle heupe moet omgord wees, julle
skoene aan jul voete en julle staf in jul
hand; baie haastig moet julle dit eet. ’n
Pasga van die Here is dit.

**(Exo 12:12-13)** [12]Want Ek sal in hierdie nag
deur Egipteland trek en al die
eersgeborenes in Egipteland tref, van
mense sowel as van diere. En Ek sal
strafgerigte oefen aan al die gode van
Egipte, Ek, die Here. [13]Maar die bloed sal
vir julle ’n teken wees aan die huise waarin
julle is:

**(Exo 12:13)** as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

**(Exo 12:12/22b)** [12]Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die Here…. [22b]Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.

**(Exo 12:6-7)** 6En julle moet dit in bewaring
hou tot die veertiende dag van hierdie
maand; en die hele vergadering van die
gemeente van Israel moet dit slag teen die
aand. 7En hulle moet van die bloed neem
en dit stryk aan die twee deurposte en aan
die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle
dit eet.

**(Exo 12:11)** 11 En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. ’n Pasga van die Here is dit.

**(Mar 15:12)** 12 Toe antwoord Pilatus weer
en sê vir hulle: Wat wil julle dan hê moet ek
doen met Hom wat julle Koning van die
Jode noem? 13 En hulle skreeu weer: Kruisig
Hom! 14 Maar Pilatus sê vir hulle: Watter
kwaad het Hy dan gedoen? Hulle skreeu
toe nog harder: Kruisig Hom!

**(Lukas 23:34)**[34]En Jesus sê: Vader,
vergeef hulle,want hulle weet nie wat hulle
doen nie.

**(Kol 1:13)**[13]Hy wat ons verlos het uit die
mag van die duisternis en oorgebring het in
die koninkryk van die Seun van sy liefde,[14]
in wie ons die verlossing het deur sy bloed,
*naamlik* die vergifnis van die sondes.

**(Joh 3:36)** [36]Wie aanhou glo in die Seun, het nou reeds die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie ervaar nie, maar die oordeel van God rus op hom.”

# NAGMAAL

ONTHOU SY OPOFFERING